basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 45 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 14 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 18 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 23 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 27 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 31 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 18 | 36 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 17 | 38 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "By die robot in Eerstelaan" | 18 | 41 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Huiskat" | 17 | 44 |

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Eendag sal hy nie meer woon waar dit altyd skemer is nie, hy sal soos ander mense in die son woon ...

"Ek sê, jy moet nou kom!" het oom Anneries begin kwaad word. "Ek sê dit nie weer nie!"

"Ek bly hier, oom kan alleen dorp toe gaan."

"Wat?"

"Oom kan die goodfor vir MacDonald loop vra en die goed kry. Ek bly net hier."

"Jy sal lat ék jou vandag bykom! Waar kan jy soos 'n Veltmaspad-muil staan vassteek en sê jy gaat nie verder nie? Het jy nou bejosie geraak?"

"Ek bly net hier."

"Dit lyk my jou pa het jou nie goed genoeg bygekom nie! As ek vandag vir jou gat 'n spar vat, sal jy spyt wees! Jy't gekom tot hier en jy sal gaat tot daar al moet ek jou hier afsléép!"

Saul het geweet hy het die meeste uitstel uit die ou man getart en sonder 'n verdere woord begin aanstap. Dit het gevoel of sy lyf in rieme vasgewoel was en alles in hom wou uitbreek.

Dieselfde magtelose koppigheid as die dag toe hy die byl teen die kalander moes lig, het in hom opgestaan en aan die rieme geruk.

Toe hulle kort voor kwartdag in die stil stofstraat afstap, het hy probeer om so te loop dat sy tone nie voor by sy skoene uitpeul nie.

1.1 Waarmee was Joram so besig dat hy vir Saul saam met oom Anneries dorp toe gestuur het? (1)

1.2 "Eendag sal hy nie meer woon waar dit altyd *skemer* is nie, hy sal soos ander mense in die son woon ... " (Reël 1 en 2)

Op 'n letterlike vlak verwys "skemer" na die Bos waar die son gesukkel het om deur die digte bome te kom.

Wat is die figuurlike betekenis van "skemer" in hierdie sin? (1)

1.3 Saul het toe ook die "skemer" Bos verlaat om in die "son" te gaan woon.

Noem TWEE redes waarom Saul hierdie besluit geneem het. (2)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oom Anneries verwys in hierdie uittreksel na Joram wat vir Saul geslaan het. (Reël 12) Hierdie pak slae was omdat Saul nie (wou dorp toe gaan nie/aan die kalander wou kap nie). (1)

1.5 Tydens Saul se tweede besoek aan die dorp het hy ook vir die eerste keer die see gesien. Hy het homself belowe dat hy sy vryheid op 'n skip op die oop see sou kry.

Waarom is hierdie belofte ironies as jy aan die einde van die roman dink? (1)

1.6 Saul se besoeke aan die dorp het hom laat besef dat die Bosmense anders as die dorpsmense was.

1.6.1 Watter woorde van die dorpskinders en veral van Kate en haar pa, het Saul altyd onthou? (1)

1.6.2 Hoe het die dorpskinders Saul laat voel toe hulle so oor hom gepraat het? (1)

1.7 Tydens Saul se tweede besoek aan die houtwerf het MacDonald vir Saul werk aangebied, maar Joram het gesê: "Ons werk vir onsselwers."

Sê waarom Joram se siening eintlik ONWAAR is. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Saul se besluit om by MacDonald te gaan werk, het die Bosmense baie kwaad gemaak en hulle het hom as (leuenaar/verraaier) gebrandmerk. (1)

1.9 Saul het by MacDonald gaan werk sodat hy sy belofte aan homself, om eendag op 'n skip te klim, waar kon maak.

Wat het MacDonald gedoen om Saul se droom NIE te laat waar word NIE? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.10) neer.

Gedurende die twee jaar wat Saul by MacDonald gewerk het, het Saul geleer dat MacDonald sowel as die Bosmense ...

A deel van die skewe sirkel was.
B eerlike, hardwerkende mense was.
C graag wou saamstaan en saamwerk.
D die Bos vir die volgende generasie wou bewaar. (1)

1.11 Verskeie karakters het 'n rol in Saul se lewe gespeel.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Kate bring vir Saul boeke om te lees. | A | Saul besluit om terug te keer Bos toe. |
| 1.11.2 | Jane Steward se naam word as verskoning gebruik. | B | Saul voel gemaklik in die sosiale kringe. |
| 1.11.3 | Beth Johnson nooi Saul na die danse in Knysna. | C | Saul verlaat Knysna en gaan Swellendam toe. |
| 1.11.4 | Caroline MacDonald konfronteer Saul oor sy verhouding met Kate. | D | Saul en Kate kan tyd saam deurbring. |
| | | E | Saul leer Engels praat en sy opvoeding verbeter. |

(4 x 1) (4)

1.12 Saul het hard gewerk aan sy droom om eendag "in die son" te woon, m.a.w. om menswaardig te voel.

Waarom kan 'n mens sê dat hierdie droom ook soms vir Saul negatiewe dinge gewys het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

... Hy buk af en tel die kluit op en gooi MacDonald agter tussen die blaaie dat die kluit in duisend stofkrummels teen sy rug verspat, en hy skram nie eens weg toe MacDonald omsteier nie,

"Wie de hel het my gegooi?" skree MacDonald en kyk reguit na hom.

Hy het MacDonald nie geantwoord nie, net omgedraai en skuur toe geloop. Hy het sy paar stukkies goed in sy baadjie gebondel en sy skoene aangetrek.

Toe hy omdraai, staan MacDonald en Pearston en Jones soos drie wagte tussen hom en die uitgang. Braaf, soos skuldiges. En miskien was dit instink wat hulle gewaarsku het dat hy verby enige vrees of omgee was en wat hulle nie laat nader kom het nie. Hy moes tot voor hulle loop. 'n Kop langer as die langste een van hulle, sy liggaam taai en sterk gebrei onder baie hout en met die oë wat sê: Raak vandag aan my, en ek breek hierdie plek op julle koppe af!

"En waar dink jy gaan jy heen?" het MacDonald die aanvoorwerk gedoen. "Ek vra jou waarheen jy dink jy op pad is?"

"Net waarheen ek wil."

Toe het Pearston probeer. "Jy moet vir jou staan en brutaal hou met ons!"

MacDonald was aan die rooi word. "Jy sal hier bly totdat mister Patterson se pan uitgekom het en julle skuld afbetaal is!"

1.13 Watter nuus het Saul ontvang wat hom só ontstel het dat hy vir MacDonald met die kluit gegooi het? (1)

1.14 Saul het vir MacDonald as 'n leuenaar leer ken.

Hoe het MacDonald vir Saul oor Patterson gelieg? (1)

1.15 Saul het ook vir MacDonald leer ken as iemand wat sy mag misbruik. Hoe het MacDonald sy mag met die volgende karakters misbruik?

1.15.1 Kate (1)

1.15.2 Saul (1)

1.15.3 Die houtkopers (1)

1.16 Na watter skuld verwys MacDonald in die laaste reël as hy met Saul praat? (1)

1.17 Hoe het Patterson, sonder dat hy wou, vir Saul gehelp om ryk te word? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

Terwyl Saul vir MacDonald gewerk het, het hy geleer dat jy net 'n mens is as jy ... is.

A eerlik en opreg
B Engels en eerlik
C Engels en ryk
D ryk en oneerlik (1)

1.19 Saul se lewe het hom op vreemde paaie geneem. Skryf die volgende vier gebeure in sy lewe binne en buite die Bos onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Saul kom agter dat MacDonald weier om hout by sy familie te koop.
B Saul besluit om Engeland toe te gaan.
C Saul begin goud in die Bos delf.
D Saul leer in Swellendam om meubels te maak. (4)

1.20 Waarom, dink jy, kon Saul aan die einde van die roman bly wees dat hy MacDonald se diens verlaat het? (1)

1.21 Watter innerlike konflik dink jy het Saul na sy pa se dood beleef? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

1.22 Tot watter gevolgtrekking het MacDonald aan die einde van die roman oor Kate gekom? (1)

1.23 Saul as hoofkarakter het sterk karaktereienskappe.

1.23.1 Kies die karaktereienskap van Saul wat die sterkste in hierdie uittreksel na vore kom:

- Saul het hard gewerk.
- Saul was nie bang nie.
- Saul was lief vir sy familie. (1)

1.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.23.1. (1)

**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

"Nee! Ek bedoel, kyk hoe lyk Margot! Al daai make-up, die stywe langbroek, die lang naels, die ... die ... die *hare!* Dis goedkoop!"

"Wel, ek sal haar nou nie as 'n deftige dame beskryf nie." Dit klink of Sharon haar kop in haar kussing druk om nie te lag nie.
"Maar jy's ook die een wat altyd sê mens kan nie mense oordeel aan hoe hulle lyk nie."

Helaas. As Sharon my moes oordeel aan hoe ek lyk – 'n vaal muis met 'n paar puisies wat nooit die regte klere met die regte etikette dra nie – sou ons seker nooit maats geword het nie.

"Maar alles aan haar is vals," hou ek vol. "Dis tog onmoontlik om só te lyk as jy amper veertig jaar oud is!"

"Is sy al só oud?" Sharon se stem klink skoon verskrik.

"Sy was oor die twintig toe Yann gebore is. Jy kan dit self uitwerk."

"Wow." Sharon bly 'n rukkie stil. "Sy moet 'n baie goeie plastic surgeon hê."

"Of miskien is sy 'n heks," sê ek spottend. "Miskien kan sy haarself jonger tóór. En sommer ook ander mense toor om van haar te hou."

"Nee. Dan moes sy mos vir jou ook kon toor." Sharon lag saggies. "Tensy jy ook 'n heks is. Ou Hanna Heks!"

Ek wonder skielik hoekom ek nog wil stories opmaak.

2.1 Margot het op Botterberg gaan kuier omdat sy toe in Suid-Afrika was.

Wat het Margot in Suid-Afrika kom maak? (1)

2.2 "Of miskien is sy 'n heks," sê ek spottend." (Reël 15)

In hierdie gesprek gebruik Sharon en Hanna die woord "heks" in sy letterlike betekenis.

Wat is die figuurlike betekenis van "heks", wat ook by Margot sou pas as Hanna reg was met haar siening oor Margot? (1)

2.3 Noem TWEE redes waarom Margot, soos Beyers haar onthou, dalk nie haar kuiertjie op Botterberg sou geniet nie. (2)

Kopiereg voorbehou

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hanna noem haarself in hierdie uittreksel 'n "vaal muis". Margot het hierdie beeld van Hanna verander toe sy (gesê het dat Hanna vreeslik slim was/vir Hanna mooi gegrimeer het). (1)

2.5 In reël 10 sê Hanna dat alles aan Margot "vals" is.

Waarom is dit ironies as jy aan Hanna se eie lewe dink? (1)

2.6 Beyers het vir Margot genooi om by hulle op Botterberg te kom kuier.

2.6.1 Watter bynaam het Beyers vir Margot gehad? (1)

2.6.2 Hoe kon hierdie bynaam die meeste gesinslede se houding teenoor Margot beïnvloed? (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Sharon en die seuns het Margot se stories oor Amerika baie (opwindend/irriterend) gevind. (1)

2.8 Wat het Margot gesê waaruit ons kan aflei dat sy gemaklik met Mana en Beyers se verhouding was? (1)

2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.9) neer.

"Wow." Sharon bly 'n rukkie stil. "Sy moet 'n baie goeie plastic surgeon hê." (Reël 14)

Die manier waarop Sharon hier praat, wys dat sy ... Margot se voorkoms.

A geïrriteerd is met
B beïndruk is deur
C negatief is oor
D neutraal is teenoor (1)

2.10 In reël 18 noem Sharon vir Hanna "ou Hanna Heks".

Hoe noem Hanna se ma haar omdat sy altyd so baie vrae gehad het? (1)

2.11 Die karakters in hierdie roman het verskillend teenoor Margot opgetree.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.11.1 Beyers is by as Mana geboorte skenk. | A Hy kan nie genoeg van Margot se lewe as aktrise in Amerika hoor nie. |
| 2.11.2 Margot maak keuses oor haar kinders en stel Yann teleur. | B Hy is die eerste een om te erken dat hy nie weet wat hulle sonder Margot sal doen nie. |
| 2.11.3 Amos mis sy ma baie. | C Hy dans saam met Margot die tango. |
| 2.11.4 Tibo is van die begin af beïndruk deur Margot. | D Hy steek tydens Margot se besoek sy regte gevoelens weg. |
| | E Hy klou letterlik van Margot se aankoms af aan haar vas. |

(4 x 1) (4)

2.12 Margot het hard probeer om almal te laat dink dat sy 'n suksesvolle aktrise is.

Hoe het Gavin dit reggekry dat Margot eerlik na haarself begin kyk het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

"Wonderlik vir haar?" vra Beyers. "Of wonderlik vir ons?"
Sy oë blink oor die rand van sy beker.
"Vir haar én vir ons." Ek dompel 'n stuk karringmelkbeskuit in die koffie en suig versigtig daaraan. Ná twee weke het ek geleer dat dit die beste manier is om hierdie boeretroos afgesluk te kry.
"Alhoewel … ek het nogal gewoond begin raak aan haar …"
"Dit beteken nie dat sy vandag al gaan wegkom nie," sug Beyers. "Ons weet nie hoe lank dit nog gaan wees voor die rivier begin sak nie."

'n Heldin uit 'n avontuurverhaal, liewe leser. Dís wat ons nou nodig het. Nie 'n bedorwe brokkie soos Fabienne nie, nog minder 'n ou bangbroek soos Hanna Hoekom. Ons het 'n meisiekind met moed en spiere nodig, iemand wat fiks en vreesloos genoeg is om deur 'n bruisende rivier te swem en 'n paar uur na die naaste dorp te draf …

Margot het spiere. En sy is waarskynlik fikser as enigiemand anders in die huis. Maar sy is hopeloos te bekommerd oor haar hare om in 'n rivier te spring. Ons het 'n heldin sonder ydelheid nodig. Sonder grimering ook. Die rivier sal in elk geval al haar grimering afspoel.
Ons het 'n heldin nodig wat haar spiere en haar verstand sáám kan inspan.
Helaas. Ons het nie so 'n heldin in hierdie huis nie.

2.13 Waarom is Hanna en Beyers so opgewonde in die eerste drie reëls van hierdie uittreksel? (1)

2.14 Waarom verras Hanna se woorde in reël 6 die leser? (1)

2.15 Watter gebeurtenis het van Margot 'n heldin in die oë van almal op Botterberg gemaak? (1)

2.16 Die helikopter het op die regte tyd by Botterberg opgedaag.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

2.17 Margot se vertrek het 'n uitwerking gehad op elke karakter wat op Botterberg agtergebly het.

Sê watter uitwerking Margot se vertrek op die volgende karakters gehad het:

2.17.1 Hanna (1)

2.17.2 Yann (1)

2.17.3 Tibo (1)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.18) neer.

In Hanna se roman sal Margot die rol van 'n karakter tussen 'n ... speel.

A uitstekende verpleegster en 'n hopelose ma
B talentvolle aktrise en 'n swak danseres
C afwesige ma en 'n onbekende aktrise
D bose heks en 'n goeie fee (1)

2.19 Hanna en haar gesin het regtig ongelooflike avonture beleef. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Die gesin beleef 'n wolkbreuk op Botterberg.
B Interessante gaste, onder wie Margot Jordan, daag op.
C Mana en haar hele gesin kom vir 'n wittebrood op Botterberg aan.
D Die gesin sien hulleself nou, in Yann se woorde, as 'n nuwe familie. (4)

2.20 Waarom, dink jy, kon Margot, aan die einde van die roman bly wees dat sy vir twee weke op die berg vasgekeer was? Konsentreer in jou antwoord op Margot se persoonlike lewe. (1)

2.21 Watter innerlike konflik kon Margot beleef net voordat die helikopter opgestyg het? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

2.22 Tot watter wonderlike besef het Hanna gekom toe sy vir Gavin beter leer ken het? (1)

2.23 Margot het in hierdie roman baie verander.

2.23.1 Kies die belangrikste verandering in Margot se karakter wat van haar die heldin op Botterberg gemaak het:

- Sy het besef hoeveel sy haar seuns gemis het.
- Hoe sy lyk, was nie meer so belangrik nie.
- Gesonde eetgewoontes was nie meer vir haar belangrik nie. (1)

2.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.23.1. (1)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

KAAPSTAD. SILKWOOD-KLINIEK. MAANDAG, 14 AUGUSTUS 1978

*Ek word Woensdag ontslaan. My sketsboek is vol duiwe. Prof. Van Keulen was weer vanmiddag hier. Hy sê hulle almal by die Instituut wag vir my. Maar ek weet nie of ek kan teruggaan nie. Ek weet nie ek weet nie. Ron Ronnie Ronniekie. Mamma mis jou vandag. Daar is baie duiwe in hierdie tuin. Hulle gaan kruip weg in die verskuilde skadu's van oerou bome. Wanneer ek opkyk, sien ek dat die son goue skerwe in die blare maak en iewers sit jou gesig in die skerwe. Ek wens, ek wens ek het 'n wildevyboom met groot groen takke. Ek wens ek kan in sy skemer skadu's gaan wegkruip en ek hoef nooit weer uit te kom nie.*

*Daar is 'n groot wit muur om die tuin. Agter die muur lê die stad.*

KAAPSTAD. ORNITOLOGIESE INSTITUUT VAN S.A. DONDERDAG, 17 AUGUSTUS 1978

*Ek voel soos 'n besoeker hier in my eie kantoor. Iemand het al my boeke in bokse gepak asof hulle gedink het ek kom nooit weer terug nie. Daar is ander gordyne. Ek het vir prof. Van Keulen gesê ek wil weggaan. Hoe meer afgesonderd, hoe beter. Ek wil my lewe gaan oormaak. Hy is besig om met die Departement van Seevisserye te reël om my na 'n guano-eiland toe te stuur vir navorsing.*

3.1 Noem EEN hartseer insident wat veroorsaak het dat Ryna in 'n kliniek opgeneem moes word. (1)

3.2 Hoekom is hierdie uittreksel in skuinsdruk? (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Prof. Van Keulen het Ryna besoek om haar (met haar depressie te help/ 'n tweede kans te gee). (1)

3.4 Camilla het besluit om as Ryna van Rensburg vir die werk op Meeuland aansoek te doen. Waarom, dink jy, het sy só besluit? (1)

3.5 Verskillende karakters het Ryna verskillend behandel toe sy haar nuwe lewe begin het. Hoe het die volgende karakters Ryna behandel?

3.5.1 Ant Hansie (1)

3.5.2 Matthys Langhans (1)

3.5.3 Jacob (1)

3.6 Gee TWEE redes waarom die naam Mamma Meeu by Ryna pas. (2)

3.7 Watter verkeerde idee het Jacob gehad oor Ryna wat op Meeuland moes kom werk? (1)

3.8 Ryna se eerste indruk van Jacob was 'n stem oor die burgerbandradio.

3.8.1 Watter idee het Ryna van Jacob gekry toe sy Jacob se gesprek oor die radio gehoor het? (1)

3.8.2 Hoe het Ant Hansie oor Jacob se optrede gevoel? (1)

3.9 Wie het later in die roman Camilla/Ryna se wens oor die wildevyeboom (reël 7) só goed verstaan? (1)

3.10 *"Ek wil my lewe gaan oormaak."* (Reël 17)

Waarom kan 'n mens Ryna bewonder vir hierdie woorde? (1)

3.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.11) neer.

Die eerste lewensles wat Jannerik vir Ryna van Meeuland geleer het, was ...

A om nie toe te laat dat een mens se optrede haar wegdryf nie.
B dat 'n mens op hierdie eiland ver vooruit kyk en ver agteruit ook.
C dat drie jaar hier 'n ewigheid is, maar 'n mens sal leer om aan te pas.
D om net geduldig te wees, die tyd sal haar leer om alles te kan hanteer. (1)

3.12 Ryna het geglo die alleenwees op die eiland haar goed sou doen. Waarom is dit ironies? (1)

3.13 Waarom, dink jy, was dit vir Elsabet goed dat Ryna op Meeuland gaan bly het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Attie skuif nader na haar en sien hoedat sy stil word voor hom. Hy buk vorentoe en gee haar 'n baie klein piksoentjie op haar mond. Maar dit is nie goed genoeg nie en hy omhels haar in alle erns en probeer haar soen. Maar sy keer hom, sodat hy ophou.

"Van?"

Sy kyk na hom toe.

"Hoekom ontwyk jy my altyd?"

"Ek is nie reg vir ... ek is bang ek ..." Sy kyk skuldig weg oor die see.

"Sorry, Van."

Dis sewe-uur toe Jacob oor die skemer werf na Ryna se blyplek toe stap. Die Meeuland Express staan voor die deur en van binne af weerklink Attie en Daniel se stemme. Hy gaan in. Attie is op die swartstoof besig om die perlemoen met 'n houtlepel te roer, terwyl Daniel suurlemoensap uitdruk. Op die kombuistafel staan Janka se badjie en babapoeier. Jacob bekyk die gesellige atmosfeer en voel meteens soos 'n buitestander. "Waar's Janka?"

Attie proe aan die perlemoen en strooi 'n bietjie grofgemaalde peper oor. "Ou Van het haar gebad en kamer toe gevat om slaap te maak. Daniel, die suurlemoensap. Jacob, sê vir Ou Van haar brode moet uitkom."

Jacob kom haar slaapkamer binne. Kleurryke tekeninge van pikkewyne en duikers versier die eens sombere vertrekkie. Die rooi gordyne hul die vertrek in 'n sagte gloed in die lig van die lamp.

3.14 Skryf die volgende vier belangrike gebeure in Attie se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Ryna aanvaar nie Attie se trou-aanbod nie.
B Attie ontmoet vir Ryna op Salamanderbaai.
C Attie gaan werk op 'n diamantboot in Suidwes.
D Attie besluit om 'n pos op Meeuland te aanvaar. (4)

3.15 Attie het vir Fred tydens die munisipale verkiesing gehelp, maar vir Jacob het die Blanckenbergs net hartseer beteken.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.15.1 tot 3.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.15.1 | Schalk verkrag Magrietjie. | A | Jacob moet sy kind alleen grootmaak. |
| 3.15.2 | Skalla betrek ander mense by onwettige dinge. | B | Jacob beland in die tronk. |
| 3.15.3 | Fred het 'n verhouding met Elsabet. | C | Jacob vlug Meeuland toe. |
| 3.15.4 | Schalk skiet vir Janka. | D | Jacob se pa beland in die tronk. |
| | | E | Jacob raak verlief op Ryna. |

(4 x 1) (4)

3.16 Meeuland was vir Ryna net soos 'n tronk.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die Meeuland Express was (Jacob se boot/Janka se stootkarretjie). (1)

3.18 Hoe het Janka Ryna se lewe op Meeuland sinvol gemaak? (1)

3.19 Watter innerlike konflik het Ryna oor haar, Jacob en Jannerik se geheim beleef elke keer as sy Janka versorg het? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

3.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.20) neer.

Jacob voel soos 'n buitestander omdat hy nie ...

A vir Janka gebad en kos gegee het nie.
B weet hoe om perlemoen gaar te maak nie.
C gehelp het om Ryna se huisie reg te maak nie.
D deel van die lekker atmosfeer in Ryna se huis is nie. (1)

3.21 Dink aan alles wat in Ryna en Janka se lewens gebeur het.

Hoekom kan die leser aan die einde van die roman wens dat alles vir hulle reg uitwerk? (1)

3.22 Watter lewensles het Attie aan die einde van die verhaal oor verhoudings geleer? (1)

3.23 Attie is 'n plat karakter, maar ons leer hom tog goed in hierdie roman ken.

3.23.1 Kies die karaktereienskap van Attie wat die beste in hierdie uittreksel na vore:

- Hy is hardwerkend.
- Hy neem ander mense se gevoelens in ag.
- Hy is lojaal teenoor sy werkgewers. (1)

3.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.23.1. (1)
**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

"Sy bene is af," sê die suster. "Net onder sy knieë." Sy druk iets in haar uniform se sak en krap aan haar skouer.

"Dokter sê dit sou nie reggekom het nie. Hy is baie siek en net familie mag ingaan."

Dit lyk asof sy haar bedink. Sy krap weer aan haar skouer.

"Maar vir dié mense is almal mos maar eintlik familie ..." Sy kyk na Lien. "Jý's nie familie nie." Die vrou lyk bietjie na 'n perd en ruik na rook.

"Ons werk saam," sê Lien. Sy kyk terug. "Ek wil asseblief net vir hom iets sê. Ek sal gou maak."

Die suster kyk oor haar skouer in die gang af.

"Jy moet wikkel. Twee minute."

Goed piep en pype peul oral uit Tibbey, wat steeds 'n vreemde vaalbruin kleur het. Sy mond is half oop. Daar is 'n wilde kyk in sy oë, maar hy herken haar al het sy nie die pruik en die brilletjie op nie, sien Lien. Hy lê vir haar en kyk. Dit lyk asof hy iets wil vra, maar daar is nie 'n manier hoe hy 'n woord gaan uitkry nie, besef sy. Sy vou sy vaalbruin hande wat op die wit deken lê in hare toe.

"Tibbey, alles gaan regkom. Ons sal 'n plan maak," sê slim Lien Jooste terwyl 'n hele klomp hane kraai.

4.1 Wat het gebeur dat Tibbey in die hospitaal beland het? (1)

4.2 "Maar vir dié mense is almal mos maar eintlik familie ..." (Reël 6)

Wat kon Lien uit hierdie woorde van die verpleegsuster aflei oor haar siening van Tibbey? (1)

4.3 As Lien sê hulle *werk* saam (reël 8), bedoel sy hulle bedel in dieselfde straat.

Noem TWEE ander plekke waar Lien gewerk het voordat sy begin bedel het. (2)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Al het Lien meer geld verdien deur te bedel, het sy in die proses (haar skoolwerk afgeskeep/verkeerde vriende gemaak). (1)

4.5 Dit was vir Roos belangrik dat elke bedelaar sy bedelplek moes hê.

4.5.1 Hoe het Roos die hoek waar Tibbey gestaan en bedel het, genoem? (1)

4.5.2 Hoe sluit hierdie naam aan by die manier waarop Tibbey na sy werk as bedelaar gekyk het? (1)

4.6 "Dit lyk asof hy iets wil vra, maar daar is nie 'n manier hoe hy 'n woord gaan uitkry nie, ..." (Reël 14 en 15)

Waarom is hierdie situasie so ironies as jy dink aan Tibbey met sy Blou Bul-vlag? (1)

4.7 'n Deel van die plan wat Lien wou maak om Tibbey te help, was om vir hom 'n karretjie te laat bou.

Waarom kan ons sê dat hierdie karretjie vir Tibbey nuwe moed gegee het? (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien se pa se gunstelingsêding was: "*The buck stops here*."

Dit het Lien eers verstaan toe sy agterkom dat (sy/Tibbey se vriende) vir die bou van die karretjie sou moes betaal. (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.9) neer.

Al die planne wat Lien vir Tibbey beraam het, wys dat Lien ...

A meer vir Tibbey omgegee het as vir haar eie broer.
B vir niemand anders van haar en Tibbey se vriendskap wou sê nie.
C nou op Tibbey se hoek sou moes gaan bedel om meer geld te maak.
D 'n vriendin was op wie 'n mens onder moeilike omstandighede kon reken. (1)

4.10 Met Tibbey se ongeluk, het Dirkie gewys dat hy iemand is op wie Lien kan staatmaak. Motiveer hierdie stelling. (1)

4.11 Lien het haar bes gedoen om onder moeilike omstandighede alles bymekaar te hou. Tog het daar dinge gebeur wat dit vir haar moeilik gemaak het.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.11.1 tot 4.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.11.1 | Lien se pa gaan tronk toe. | A | Lien wonder of sy aan die dramaproduksie by die skool moet deelneem. |
| 4.11.2 | Lien se ma kom dronk by die skool aan. | B | Lien moet by 'n nuwe blyplek en skool aanpas. |
| 4.11.3 | Braam hou homself eenkant by die huis. | C | Lien wonder of almal dink dat sy 'n prostituut is. |
| 4.11.4 | Sproet tree verkeerd teenoor Lien op. | D | Lien moet alleen die takies in die huis verrig. |
| | | E | Lien kry skaam voor haar skoolmaats. |

(4 x 1) (4)

4.12 " ... terwyl 'n hele klomp hane kraai." (Reël 17 en 18)

Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Hein het vir Tibbey by die rolbalklub gaan aflaai, maar hy moet terug wees, want die bakkie van Venter Constructions staan eenkant onder 'n boom. Lien wonder waar hy heen verdwyn het.

"Ek is bly julle was hier," sê sy vir Roos en gee haar 'n druk.

"Jy was goed," sê Roos. "Jy kan dit maak." Sy snuif.

Peroxide kyk belangstellend na die skoolseuns wat by haar verbyloop. Sy draai skoon skeef om vir Christiaan dop te hou, wat met 'n mond vol kos vir Wian iets vertel. Christiaan kyk belangstellend terug na waar Peroxide terterig vir hom glimlag.

Dis dalk tyd dat Roos-hulle koebaai sê, dink Lien benoud.

"Wil julle nie nog iets eet nie?" vra sy. Peroxide haal 'n groterige Tupperware-bak uit haar sak en begin pak. En sy pak. Roos beduie na iets in die Tupperware-bak en Peroxide pak terug. Dis tannie Bets se kerrietertjies, sien Lien dik van die lag. Sy stap nader.

Lien vryf oor Roos se stywe hare. "Jy is 'n *great* pel."

Die vrekpienk *marshmallow* kyk vir haar met skrefiesoë en gee Lien se arm 'n knypie. Sy sê niks nie, snuif en draai om. Lien dink hulle besef albei dat Lien Jooste waarskynlik nie weer met plat skoene iewers op 'n hoek sal staan nie.

"Sien jou wanneer ek jou sien," groet Roos ...

4.13 Ons weet dat Lien net ná Tibbey se ongeluk by die rolbalbaan was.

Wat het Lien daar gaan maak? (1)

4.14 Ná Tibbey se ongeluk het Hein gewys dat hy Tibbey se behoeftes baie goed verstaan het.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.15 Hoe het Roos vir Lien aan die begin van haar tyd as bedelaar gehelp? (1)

4.16 Wat is die onderwyseres se van wat vir Lien 'n rol in die skoolkonsert aangebied het? (1)

4.17 Om by die skoolkonsert betrokke te wees, was net wat Lien nodig gehad het.

Sê hoe die skoolkonsert vir Lien gehelp het om ...

4.17.1 nuwe vriendskappe te vorm. (1)

4.17.2 van haar probleme weg te vlug. (1)

4.17.3 haar ma positief te beleef. (1)

4.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.18) neer.

Lien het die rol van … in die konsert gespeel.

A Heilige Maria
B Weird Maria
C Maria Antoinette
D Maria Jones (1)

4.19 Lien se tydjie as bedelaar was nie maklik nie. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Tibbey beland in die hospitaal.
B Lien se ma steel by die winkel.
C Lien besef finaal sy is nie meer deel van die ou omgewing nie.
D Lien vervals briewe om skool te "bunk". (4)

4.20 Watter les, dink jy, het Lien by haar bedelaarsvriende geleer? (1)

4.21 Watter innerlike konflik beleef Lien toe sy Roos en Peroxide in die donkerte sien wegstap? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

4.22 Wat het Lien daardie aand van die skoolkonsert oor haar en Wouter besef? (1)

4.23 Die leser leer Lien as hoofkarakter baie goed ken.

4.23.1 Kies die karaktereienskap van Lien wat die duidelikste in albei uittreksels na vore kom:

- Lien is lojaal teenoor haar vriende.
- Lien vergewe mense.
- Lien gee om vir haar gesin. (1)

4.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.23.1. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

OUMA HANNIE. Maar toe die kinders nou groter word, toe trek ek nou met die kinders oor die rivier daar na Upington sodat hulle skool en kerk kon kry. *(Die ander spelers begin sag die skoollied sing – sy luister daarna.)* Maar die kinders het nie lank skoolgegaan nie … het weggetrek Koegas toe en by 'n boer gaat werk en Domani is weg oorlog toe en hy het nóóit weer teruggekom nie. Die ander kinders het maar so rondgewerk van Lüderitz af, al langs die spoor; Upington, Putsonderwater, Draghoender en Prieska. En ons meisiekinders het uitgetrou en ná hulle troues maar gewerk soos hulle kon.
POPPIE. My mama wou nie haar man gehad het nie – hy het op die see kom werk by Lüderitzbucht, toe sien hy haar en hy het al met die wind same al agter haar aangeloop en verlief geraak op haar. *(Plank en Hoedjie spot haar:* "Verlief geraak op haar!")
MOSIE. Toe gaan hy nou Upington toe om Ouma Hannie te vra om met my mama Lena te trou.
OUMA HANNIE. Hy was glad met sy bek en hy't groot lobola betaal.
HOEDJIE. Maar toe't hy nou een Saterdagoggend weggeloop en vir die oorlog gaan teken. Hy is toe weggestuur na die Noorde as lorriedrywer en hy het nooit weer teruggekom nie.
POPPIE. Toe gaan bly ons kinders nou by Ouma Hannie daar in 'n lokasie by Upington …

5.1 Noem die dorp waar Mama Lena gaan werk het nadat sy van De Aar af gekom het. (1)

5.2 Wat het Poppie as klein dogtertjie by ouma Hannie oor haar kultuur geleer? (1)

5.3 Poppie se kinderdae was nie altyd maklik nie.

Skryf die volgende vier gebeure in Poppie se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Ouma Hannie sterf.
B Poppie word op negejarige ouderdom uit die skool gehaal.
C Poppie werk in die visfabriek.
D Poppie se pa is weg. (4)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

Poppie moes baie aande luister na oompie Pengi wat dronk was en ouma Hannie wat nooit met hom geraas het nie.

Poppie het besef dat ouma Hannie ... oompie Pengi was.

A kwaad vir
B hartseer oor
C ontevrede met
D ongeduldig met (1)

5.5 Poppie se tyd by ma Lena en haar tweede familie was vir Poppie baie lekker.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Vir Ouma Hannie was Poppie en haar broers baie spesiaal, want hulle pa het ('n ander vrou gevat/nie vir hulle gesorg nie). (1)

5.7 Ma Lena is weer getroud.

5.7.1 Wat het Poppie ma Lena se tweede man aan die begin genoem? (1)

5.7.2 Hoekom het Poppie gedink dit is reg om hom só te noem? (1)

5.8 Wat het Poppie geniet om te doen as Mosie van die skool af kom? (1)

5.9 Waaruit kan jy aflei dat ma Lena vir Poppie anders as haar seuns behandel het? (1)

5.10 Poppie het by haar familie geleer dat jy baie keer swaarkry as gevolg van ander mense se dade. Wat het die volgende karakters gedoen wat Poppie laat swaarkry het?

5.10.1 Bonsile (1)

5.10.2 Jakkie (1)

5.10.3 Stone (1)

5.11 Waarom kan ons sê dat alkoholmisbruik later in die drama 'n negatiewe invloed op die gemeenskap gehad het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MOSIE. Poppie is met die trein na Herschel om die meisiekinders na Stone se ouers op die land te neem, en toe is sy verder na Mdantsane om die huis te verhuur en te reël dat Bonsile by die huismense inwoon. En daar was nog iets waaroor sy met hom moes praat.
POPPIE. Bonsile, jy moet die kind na my laat bring wat gebore is toe ons in die Kaap was vir die begrafnis. Dis bloed van my bloed en ek het die kind nog nie gesien nie. *(Hulle bring 'n bondeltjie. Sy neem dit in haar arms en kyk lank daarna.)* Die onderhoud van die kind sal ek ook op my skouers moet neem, maar hieroor kla ek nie. Oor die kind is ek bly. *(Poppie begin geld uit haar handsak haal.)*
MOSIE. Sy het al die geld wat sy nog oor had aan die jong ma van die kind gegee en toe Kaap toe vertrek.
MAMA. Sy is siek. Sy het baie swaar gehad. Die dinge was te veel vir haar. Sy lê net en sien niemand raak nie.
MOSIE. Ons sisi is siek. Ek dink sy voel nou eers ons swaertjie se dood.
MAMA. Die dinge was te veel vir haar.
JAKKIE. Poppie het 'n week gelê, en toe het sy opgestaan.
POPPIE. Ek moet gaan werk. Die kinders het kos en geld nodig.
PLANK. Sy het werk gekry by Mrs Swanepoel.

5.12 Waarom het Poppie nou planne gemaak om Mdantsane te verlaat? Gee TWEE redes. (2)

5.13 Hoekom dink jy was dit vir Poppie se meisiekinders beter om by Stone se ouers te gaan bly? (1)

5.14 Later in die drama het Poppie besluit om Bonsile se kind saam met haar te neem. Watter innerlike konflik was daar toe by Poppie? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 5 en 6 praat Poppie van (Stone/Vukile) se begrafnis. (1)

5.16 Poppie se lewe het nie net uit swaarkry bestaan nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.16.1 tot 5.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.16.1 | Poppie bly by ouma Hannie. | A | Poppie se kinders kan skoolgaan. |
| 5.16.2 | Poppie trou met 'n goeie man. | B | Poppie het 'n pas wat haar sekuriteit bied. |
| 5.16.3 | Poppie kry 'n huis in Mdantsane. | C | Poppie kry 'n huisie in Jakkalsvlei waarop sy trots kan wees. |
| 5.16.4 | Poppie werk by Mrs Swanepoel. | D | Poppie kry 'n kleinkind by. |
| | | E | Poppie leer van haar taal en kultuur. |

(4 x 1) (4)

5.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.17) neer.

Selfs na Stone se dood was ... vir Poppie die grootste motivering om aan te gaan.

A die geld
B haar werk
C haar kinders
D die familie (1)

5.18 Hoekom word sekere dele in die uittreksel skuins gedruk? (1)

5.19 Bonsile se naam beteken "iets het reggekom". Waarom is dit ironies as jy aan Poppie se lewe dink? (1)

5.20 In hierdie drama is Poppie die hoofkarakter.

5.20.1 Kies die karaktereienskap van Poppie wat die sterkste in hierdie uittreksel na vore kom:

- Poppie loop nie weg van haar verantwoordelikhede nie.
- Poppie is nie lui nie.
- Poppie glo daarin om haar kinders godsdienstig groot te maak. (1)

5.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.20.1. (1)

5.21 Bonsile het sy pa (Stone) vroeg in sy lewe verloor, maar hy was vir Bonsile 'n voorbeeld van hoe 'n pa behoort te wees. Motiveer hierdie stelling. (1)

5.22 Wat besef Poppie aan die einde van die drama? (1)

5.23 Hoekom sluit die drama met *Nkosi Sikelel' iAfrika* af? (1)
**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

> Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk.
> Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom.
>
> NAR: Hello. *(Die kind antwoord nie.)* Wat is jou naam? *(Niks.)* Is jy skaam? *(Nog geen reaksie nie. Willempie kyk net vir die olifant.)* Dè. *(Hy druk die tou in die kind se hand.)* Loop bietjie met hom. *(Die kind staan net met die tou.)* Trek hom. Jy sal sien. Hy sal loop as jy trek. *(Willempie staan net. En die nar begin aanstap. Hy stap weg van hulle af. Tien tree weg kyk hy om.)* Bring hom! Trek; hy sal kom. *(En Willempie kyk vir die olifant. En trek. En die olifant kom.)* Jy sien?
>
> 35. 'n Montage van die olifant wat al agter Willempie aanstap. Eers met die nar naby hulle. Dan met die nar op die agtergrond. Daarna net Willempie en die olifant. Oor 'n bult, deur 'n land vol koringbale, deur 'n stroom water, oor 'n brug, deur 'n bos. Willempie stap al hoe regopper, al hoe meer kordaat – en die olifant waggel agterna.
>
> 36. Dis aand. Hendrik, Katrien en die kinders sit by die lamplig en eet.
> HENDRIK: Ons sal ten minste nog tot môre met hulle sit. Die oorlaaitrein is Oudtshoorn toe. Die 34 sal nie die vrag vat nie.
> KATRIEN: Arme mense. Het hulle ooit iets om te eet vanaand?

6.1 Waarom het Willem nie die nar se vrae beantwoord nie? (1)

6.2 Waarom was dit vreemd om sirkusdiere op hierdie stasie te sien? (1)

6.3 "Dè. *(Hy druk die tou in die kind se hand.)* Loop bietjie met hom." (Reël 4 en 5)

Hoekom verbaas dit 'n mens dat die nar die tou waaraan die olifant vas is, vir Willem gee? (1)

6.4 Noem TWEE dinge wat die sirkusmense gedoen het om te wys dat hulle geen respek vir Hendrik gehad het nie. (2)

6.5 Waaruit kan ons aflei dat Hendrik reg was om vir Emma teen die sirkusmense te waarsku? (1)

Kopiereg voorbehou 

6.6 Die treine het vir Katrien 'n simboliese betekenis gehad.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.7 Wat is die funksie van die montage in toneel 35? (1)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.8) neer.

Willem en die nar het met mekaar gekommunikeer deur ...

A tekeninge te maak.
B briewe vir mekaar te skryf.
C diere in die veld te voer.
D fiets te ry. (1)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Willem en die nar het die meeste van hulle tyd in die (skuur/sirkustrein) deurgebring. (1)

6.10 Willem het een middag weggeloop. Daardie aand het Hendrik en Katrien eers regtig met mekaar begin praat oor die dinge wat saak maak.

6.10.1 Wat het gebeur dat Willem besluit het om weg te loop? (1)

6.10.2 Wat het Hendrik daardie aand besef oor Katrien se gevoel vir hom? (1)

6.11 Wat sou gebeur het as Willem vroeër vir almal van die nar se teenwoordigheid vertel het? (1)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Manuel is nie saam met die ander sirkusmense weg nie. Hy het gesê hy (wou bly om by Willem te wees/was klaar met die sirkus). (1)

6.13 Verduidelik hoe die nar se paljas die volgende karakters se lewens verander het:

6.13.1 Emma (1)

6.13.2 Willem (1)

6.13.3 Hendrik (1)

6.14 Waarom word sekere dele in hierdie uittreksel skuins gedruk? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

... Broer Bothma! *(Broer Bothma kom orent en kyk hulpeloos na die dominee.)* Verwyder asseblief vir ons die – grapmaker.

Die ouderling stap op die nar af.
Die nar kyk hom reguit in die oë. Dis duidelik die nar glo nie wat hy sien gebeur nie.
Die ouderling gaan staan twee tree van die nar af. Hy wys met sy kop: uit.
Die nar wys: ék?
Die ouderling wys nou met sy kop én sy duim: uit!
Die nar skud sy kop.
Die ouderling kyk hulpeloos om na die dominee toe.
Jan Mol kom orent. Hy wys met sy vinger na die nar toe.

JAN MOL: Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken!

Die nar sien hier kom moeilikheid, vlieg op en vlug uit die kerk uit.
En tien, twaalf, twintig mans storm uit die banke uit agterna.

107. Buitekant die kerk gryp die nar sy fiets, spring op en jaag straataf. Die swartgeklede kraaie storm in die straat in en kyk rond, beduie. Hulle sien die nar dóér trek. Party begin agterna hardloop. Ander storm vir hulle bakkies.

108. 'n Ent af in die straat jaag die nar op sy fiets. Hy kyk om en sien die spul wat agterna kom. Hy swaai in 'n systraat in, spring by 'n heining van sy fiets af, prop die fiets onder die heining in ...

6.15 Verkeerde stories is versprei oor Willem wat dik snye brood by hom gehad het.

Wat was Willem se doel met die brood? (1)

6.16 Die dorpsmense het nie mense aanvaar wat nie soos hulle is nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.16.1 tot 6.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.16.1 | Frans kom baie by Hendrik-hulle se huis. | A | Die dorpsmense glo dat die gesin met duiwelskuns besig is. |
| 6.16.2 | Willem doen toertjies. | B | Hendrik en sy gesin verlaat die dans. |
| 6.16.3 | Ouderling Bothma is aggressief. | C | Daar is skinderstories oor Katrien. |
| 6.16.4 | Die mense by die Volstruisdans is negatief teenoor die McDonalds. | D | Hy skiet die eerste skoot op die nar. |
| | | E | Die sirkusmense gaan weg. |

(4 x 1) (4)

6.17 Hoekom, dink jy, was dit verkeerd dat die dominee na die dorpsmense se skinderstories oor die McDonalds geluister het? (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.18) neer.

Willem het gehoor toe die dominee vir sy ma-hulle gesê het dat dit sonde is om ...

A 'n knertsie te drink.
B konsertina te speel.
C toertjies met balle te doen.
D op mense se gesigte te teken. (1)

6.19 Nadat die nar uit die kerk gejaag is, het daar baie dinge in die McDonalds se lewens gebeur. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Die McDonalds versorg die nar.
B Die nar gee sy konsertina vir Willem.
C Die dorpsmense aanvaar die McDonalds.
D Hendrik raak van die nar se teenwoordigheid bewus. (4)

6.20 Die kerk speel 'n belangrike rol in hierdie drama.

6.20.1 Kies die swak karaktereienskap van die gemeentelede wat in hierdie uittreksel na vore kom:

- Hulle gaan nie gereeld kerk toe nie.
- Hulle glo net hulle is reg (onverdraagsaam).
- Hulle hou van aksie. (1)

6.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.20.1. (1)

6.21 Voor die Volstruisdans het Manuel besluit om terug te gaan sirkus toe.

Watter innerlike konflik kon daar by Manuel wees toe hy hierdie besluit geneem het? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

6.22 Watter belangrike lewensles het Willem by Manuel geleer? Dink aan Willem se geverfde gesig. (1)

6.23 Al was Willem aan die begin skaam, was hy aan die einde van die drama 'n gelukkige seun.

Waarom kon Willem toe so gelukkig wees? (1)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND - DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| BENJAMIN: | My naam was maar altyd Benjamin Komoetie. |
| MAGISTRAAT: | Goed. Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het? Enigiets. |
| BENJAMIN: | Nee, weledele heer. |
| MAGISTRAAT: | Ek wil hê jy moet nou vir my so ver as moontlik terugdink en dan moet jy vir my alles sê wat jy dink. |
| BENJAMIN: | Ek kan nie so lekker dink as ek bang is nie, baas. |
| MAGISTRAAT: | *(se wange in en uit)*: Jy hoef vir niks bang te wees nie, seun, ek wou maar net seker maak of jy enigiets kan onthou. Dit maak nie saak as jy niks onthou nie. Kom staan nou vir my nog 'n klein entjie vorentoe en bly dan staan net so doodstil. *(*MAGISTRAAT *wink vir* KONSTABEL*. Gee hom 'n opdrag.* KONSTABEL *uit.* KONSTABEL *terug met vier seunskinders. Hulle stamp aan mekaar en lag en kom weerskante van* BENJAMIN *staan. Stemme op die agtergrond.)* Stilte asseblief! (MAGISTRAAT *beduie aan die* KONSTABEL *en* KONSTABEL *by die deur uit. Kom terug met* BARTA *by hom. 'n Rukkie later kom* ELIAS *verskrik op.)* Kom nader, mevrou Van Rooyen, kom tot by hulle en moenie haastig wees nie. Kyk net so lank as wat u wil. *(*BARTA *nader: Wys met haar vinger na* BENJAMIN*. Draai haar om en begin huil. Opgewonde stemme van mense wat inloer.* MAGISTRAAT *roep* KONSTABEL*. Gee hom opdrag.* KONSTABEL *laat mense van die verhoog gaan.)* Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het? |

7.1 Wat moes die magistraat oor Benjamin besluit? (1)

7.2 Hoe het Fiela gevoel oor Benjamin wat voor die magistraat moes verskyn? (1)

7.3 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur:

A Die sensusmanne kom Wolwekraal toe om die mense op te skryf.
B Fiela knoop vyf sjielings in die lap om te wys dat die Komoeties nie kaalgat is nie.
C Benjamin sê vir Fiela dat sy skuitjie tot onder in die vangdam gedryf het.
D 'n Driejarige kind verskyn voor Fiela se agterdeur. (4)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Fiela het nie saam met Benjamin Knysna toe gegaan nie, want ...

A Lange het gesê die magistraat wou vir Benjamin alleen sien.
B Dikke het gesê sy sou die kind net ontstel as sy daar was.
C die magistraat wou net die Van Rooyens daar hê.
D daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. (1)

7.5 Die Saterdag nadat Benjamin in die hof was, was vir Benjamin 'n gelukkige dag.

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die hof was Benjamin baie bang en het soms vergeet om die magistraat as (meneer/weledele heer) aan te spreek soos wat Selling hom geleer het. (1)

7.7 Wie het vir Barta aangemoedig om Benjamin as haar verlore seun in die hof uit te wys? (1)

7.8 Hoekom, dink jy, was dit so maklik om Barta te oortuig om vir Benjamin uit te wys as haar kind? (1)

7.9 "BARTA *nader: Wys met haar vinger na* BENJAMIN*. Draai haar om en begin huil."* (Reël 20 en 21)

Watter innerlike konflik het Barta in hierdie reël ervaar? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

7.10 Die magistraat het 'n besluit geneem wat Benjamin se hele lewe verander het.

7.10.1 Wat het die magistraat toe uiteindelik besluit? (1)

7.10.2 Waarom is hierdie besluit ironies as jy kyk na Elias se optrede teenoor Benjamin? (1)

7.11 Hoekom het Fiela gedink dat hierdie besluit van die magistraat onregverdig is? (1)

7.12 Hoekom is sekere dele in die uittreksel skuins gedruk? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LUKAS: Wie het dit gebring? Wie het my goed gebring?
ELIAS: Sy sê haar naam is Fiela Komoetie. As ek vandag 'n hond gehad het, het ek hom agter haar gesteek dat sy nou nog gehardloop het.
LUKAS *(skree)*: Waar's sy? Waar is my ma?
ELIAS: Daar staan jou ma by die vuur! Die bruinvel is weg en ek het vir haar en die een wat by haar was, gesê as hulle weer 'n voet op hierdie eiland sit, gaat ek magistraat toe en laat ek hulle vang. Elias van Rooyen laat nie met hom van 'n bruinvel mors nie.
LUKAS: Wie was by haar?
ELIAS: 'n Opgeskote seun, net so blerrie uit sy pad as sy.
LUKAS: Laat my verbykom!
ELIAS: Jy bly waar jy is!
LUKAS: Laat my verbykom, asseblief!
ELIAS: Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid uit jou uit is nie. Jy was net mooi op pad om weer wit mens te word en wit mens sal jy bly!
LUKAS *(soebat)*: Wat het Fiela Komoetie gesê? Wat het sy *gesê*?
ELIAS: Sy het niks hier te sê nie. Sy't jou goed gebring en klaar.
NINA *tel die dasvelkombers op en draai dit om haar.*
LUKAS: Los! *(Ruk dit van haar af.)* Jy sit nie jou pote aan my goed nie!

*Musiek op en ligte doof uit vir die einde van die tweede bedryf.*

7.13 Fiela gaan twee keer om die magistraat te sien, elke keer om 'n ander rede. Sê wat sy met elke besoek wou doen. (2)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was vir Benjamin beter om sy eerste kinderjare by die Komoeties deur te bring, want daar het hy ('n goeie opvoeding gekry/elke dag skool toe gegaan). (1)

7.15 Die lewe was moeilik en deurmekaar toe Lukas, die verlore seun, by die Van Rooyens in die Bos moes gaan bly.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.15.1 tot 7.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.15.1 | Barta is bang die magistraat vat vir Benjamin terug. | A | Lukas weet heeltyd en sê hy is 'n Komoetie. |
| 7.15.2 | Nina is bang dat Lukas haar alleen sal agterlaat. | B | Lukas moet leer almal deel alles in die Bos. |
| 7.15.3 | Fiela neem Benjamin se goedjies Bos toe. | C | Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan. |
| 7.15.4 | Lukas kry Latjie se boodskap te laat. | D | Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop. |
| | | E | Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie. |

(4 x 1) (4)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.16) neer.

Barta wou aan die einde van die drama teruggaan na die magistraat toe om vir hom te gaan vertel dat sy ... Benjamin.

A bekommerd was oor
B gelukkig was met
C tevrede was met
D gelieg het oor (1)

7.17 Watter rol het die volgende karakters in Lukas/Benjamin se lewe gespeel?

7.17.1 Fiela (in sy kinderjare) (1)

7.17.2 Nina (in sy volwasse lewe) (1)

7.17.3 John Benn (in sy volwasse lewe) (1)

7.18 Elias is 'n karakter van wie niemand hou nie.

7.18.1 Kies die negatiewe karaktereienskap van Elias wat in hierdie uittreksel na vore kom:

- Hy is lui.
- Hy is aggressief.
- Hy kry homself jammer. (1)

7.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.18.1. (1)

7.19 Waarom was Fiela só hartseer oor Tollie? (1)

7.20 Wat het Benjamin by Noetzie gesien wat hom laat besluit het om nie terug te gaan Bos toe nie? (1)

7.21 Hoe het Kaliel September vir Benjamin gehelp om by sy besluit te bly om nie terug te gaan Bos toe nie? (1)

7.22 Benjamin sou nog net 'n rukkie by John Benn werk. Hieruit lei ons af dat hy ander planne vir sy toekoms gehad het.

Hoekom, dink jy, het Benjamin rede gehad om opgewonde oor die toekoms te wees? (1)

7.23 Wat, dink jy, het Benjamin aan die einde van die drama by Miss Weatherbury gaan maak? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "VAN PRECIOUS 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

*Jy begrawe jou talente, Coenie; jy moes lankal begin deelneem het. Dis 'n prestige-geleentheid: die vyf beste redenaars uit elke skool ding teen mekaar mee. Jy moet net in jouself begin glo*.

Hy wonder soms of mevrou Buchner hom uit sy dop wou krap. Ma het die manier om stilletjies met die onderwysers te gaan praat. Dalk het Ma ook vir mevrou Buchner vertel hoe diep hy in sy dop wegkruip.

"Jy moet lyk asof jy alles van die saak af weet," hoor hy oom Willem sê. "Die selfvertroue moet uit jou straal. Jy moenie lyk asof die hond jou in die saal ingedra het nie. Skouers waterpas, klere netjies skoon ... dis soos hulle ons altyd geleer het. Is ek reg, Pat?"

"Natuurlik," sê Ma.

"En *smile*," sê oom Willem. "Dis waarvoor hulle kyk: of jy *smile*."

Hy staan voor sy kamerspieël en wens hy het nie destyds die vliegtuig- en motorfietsplakkers al langs die raam op die spieëlglas geplak nie. As jy klein is, doen jy ook onnosel goed. Nou pas sy gesig nie in die spieël nie: hy staan altyd minus een van sy twee ore, minus die boonste gedeelte van sy kop of minus sy ken.

Hy sug. Die boonste gedeelte van sy kop moet dan maar waai. Vandag moet hy sy ken bekyk, want dié lyk die slegste.

8.1.1 Wie se woorde (*skuinsdruk*) het hier in Coenie se kop gedraai? (Reël 1 tot 3) (1)

8.1.2 Wat was die onderwerp van die toespraak wat Coenie en sy vier spanmaats tydens die redenaarskompetisie moes lewer? (1)

8.1.3 Hoekom was Coenie skaam voor mense? (1)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

In hierdie kortverhaal gebruik Coenie die storieboekkarakters ... om sy verhouding met meisies uit te druk.

A Jakkals en Wolf
B Hansie en Grietjie
C Skoonlief en die Ondier
D Rooikappie en die Wolf (1)

8.1.5 Hoe het die volgende karakters Coenie op 'n positiewe manier beïnvloed?

(a) Mevrou Buchner (1)

(b) Ma (1)

(c) Louise (1)

8.1.6 Watter innerlike konflik, dink jy, het Coenie beleef voordat hy aan die redenaarskompetisie gaan deelneem het? Onthou om beide kante te noem. (2)

8.1.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Die redenaars vertrek saam met hulle onderwyseres.
B Die bussie rol.
C Coenie en Precious deel hulle geheime en hou mekaar aan die lewe.
D Almal probeer vir Coenie raad gee oor die redenaars-kompetisie. (4)

8.1.8 Waarom was die redenaarskompetisie se tema so gepas as ons aan die gesprek tussen Coenie en Precious dink? (1)

8.1.9 Watter gebeurtenis in Precious se lewe het daartoe gelei dat sy Coenie se doodswens goed verstaan het? (1)

8.1.10 Precious speel 'n belangrike rol om Coenie te leer om uit sy dop te kruip en in homself te glo.

(a) Kies die eienskap van Precious wat die duidelikste in die gesprek tussen haar en Coenie ná die ongeluk na vore kom:

- Precious maak seker dat sy altyd goed versorg lyk.
- Precious gee oplossings vir ander se pyn en probleme.
- Precious kan praat dat dit klink of sy op pad na 'n piekniek is. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.10(a). (1)

8.1.11 Kyk weer na die spieël-episode in die laaste 7 reëls van hierdie uittreksel.

Wat het Coenie aan die einde van die verhaal omtrent sy velprobleem besef? (1)

**EN**

8.2 **"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

... En daar was die baie vrae: Wie was hy? Wat was waarheid en wat was leuen? Wat was die sin van sy jaar op Kimberley en sy jaar op die Caprivi? Wat was die sin van sy studie van natuurbewaring in hierdie vernielde land? Wat was die sin van sy lewe, sy liefde? ...

Sy broer het hom die advertensie gewys. Hy het al sy papiere en getuigskrifte laat waarmerk en aansoek gedoen, sonder veel optimisme. 'n Mens kry nie sommer werk in die wildtuin nie, veral nie met 'n mank been nie, al is hy hoe sterk.

Hy moes vir 'n onderhoud kom, het hulle laat weet. En toe hy by die kantoor uitstap, kon hy dit beswaarlik glo; hy is vir 'n proeftyd van ses maande aangestel as staptoerveldwagter.

Hy moes olifante skiet wat met helikopters op hom afgejaag word. Hy moes leer by ervare staptoerveldwagters. Hy moes deur 'n malaria-aanval worstel. Hy moes bereid wees om 'n streng gedragskode stip na te kom.

En toe, twee dae gelede, het hy die brief gekry. Hy het die toets deurstaan en is permanent aangestel. Hy sou sy eie staptoerroete kry, sy eie blyplek, sy vier mure teen die suidewind. Die woestynjare is verby. En eendag, wie weet, dalk vroeër as later, sou daar weer 'n Nina wees, wat saam met hom in die bos sou bly, saam met hom sou luister na die naggeluide in die wit maanlig ...

8.2.1 Wat het vroeg in die jongman se matriekjaar met hom gebeur? (1)

8.2.2 Jaap het nie sy vriend se wens om uit die stad te kom, verstaan nie.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.3 Hoe het die jongman se pa ook gewys dat hy sy seun verstaan? (1)

8.2.4 Gee 'n rede waarom ELK van die jongman se TWEE vorige meisies hom gelos het. (2)

8.2.5 "Die woestynjare is verby." (Reël 18 en 19)

Letterlik beteken "woestynjare" 'n tyd in 'n droë, warm plek waar byna niks groei nie.

Wat is die figuurlike betekenis van "woestynjare" binne hierdie verhaal se konteks? (1)

8.2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die maande nadat die jongman uit die Caprivi teruggekom het, het hy sleg geslaap.

Hy het hom bekommer oor (of sy passie vir die natuur die moeite werd is/of hy ooit weer werk sou kry). (1)

8.2.7 Waarom is dit ironies dat die jongman nou weer nie kon slaap nie? (1)

8.2.8 Die wildtuin het 'n staptoerveldwagter gesoek en die jongman het aansoek gedoen.

(a) Hoe het hierdie werk by die jongman se persoonlikheid gepas? (1)

(b) Hoekom, dink jy, kon hy nou weer aan 'n ander Nina in sy lewe begin dink? (1)

8.2.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die jongman beskryf sy eie blyplek as sy vier mure teen die suidewind.

Dit beteken dat sy eie huis vir hom 'n plek sou wees waar hy (kon wegkom van alles wat vir hom sleg is/die suidewind om die hoek sou kon hoor huil). (1)

8.2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.10) neer.

Die dinge uit sy verlede het nie meer seergemaak nie omdat hy ...

A nou gelukkig in sy werk is.
B niemand meer vertrou het nie.
C te moeg is om daaraan te dink.
D gewoond is dat mense hom teleurstel. (1)

8.2.11 Die titel van hierdie kortverhaal is simbolies.

Wat simboliseer die roep van die vleikuiken vir die karakter? (1)

8.2.12 Die jongman in hierdie kortverhaal het 'n moeilike lewe gehad.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.12(a)–8.2.12(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Daar is komplikasies met die operasie aan die jongman se been. | A Die jongman beleef vryheid op die plaas. |
| (b) Die jongman se ma is oorbeskermend. | B Die jongman is geïrriteerd. |
| (c) Die dokter stel die tweede operasie ná drie maande met nog 'n week uit. | C Die jongman begin die dokter en volwassenes wantrou. |
| (d) Die jongman kry studentewerk in die wildtuin. | D Die jongman se lewe is nou weer doelgerig. |
| | E Die jongman se vriende begin hom vermy. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN" – Marita van Aswegen**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen**

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en so seer

'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en 'n kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
Hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.1.1 Watter inligting gee hierdie gedig se titel vir ons? (1)

9.1.2 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit reël 1 aan om te sê dat die blinde man nie alleen is nie. (1)

9.1.3 Volgens strofe 1 is dit die eerste keer dat hierdie bedelaar op straat bedel.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.1.4 Wat sê die woord "gedwee" (reël 4) van watter soort mens die bedelaar is? (1)

9.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.5) neer.

Die bedelaar weet dat hy naby 'n vis-en-tjipswinkel is omdat ...

A hy verby die winkel loop op pad na die robot.
B die motoriste hom daarvan vertel het.
C hy die reuk van vis en tjips kry.
D hy by die tsotsi daarvan gehoor het. (1)

9.1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 9 word (innerlike/uiterlike) konflik uitgebeeld. (1)

9.1.7 Lees weer reël 12.

Watter kenmerk van die tsotsi kom die sterkste in reël 12 na vore? (1)

9.1.8 Lees weer strofe 3.

Watter emosie ervaar jy teenoor die tsotsi? (1)

9.1.9 Lees weer strofe 2.

(a) Gee 'n voorbeeld uit strofe 2 wat die klank van die geld, wat in die blikkie val, naboots. (1)

(b) Waarom is dit gepas om klanknabootsing in hierdie gedig te gebruik? (1)

9.1.10 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.1.10(a)–9.1.10(c)) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| (a) | sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind (reël 13) | A | alliterasie |
| | | B | metafoor |
| (b) | as die dood hom tog net wil kom haal (reël 22) | C | personifikasie |
| | | D | vergelyking |
| (c) | <u>s</u>kraap <u>s</u>y keel en <u>s</u>poeg 'n <u>s</u>traal (reël 24) | | |

(3 x 1) (3)

9.1.11 Hoekom het die tien rand wat die vrou gegee het NIE die bedelaar se omstandighede verbeter NIE? (1)

9.1.12 Verduidelik hoe die tsotsi die blinde man ...

(a) FISIES mishandel.

(b) EMOSIONEEL mishandel. (2)

9.1.13 Hoe laat hierdie gedig jou oor bedelaars voel? Sê hoekom jy so voel. (2)

**EN**

9.2 **"HUISKAT" – Elizabeth Eybers**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HUISKAT – Elizabeth Eybers**

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar, soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

9.2.1 Die titel van die gedig is "Huiskat".

Wat verwag 'n mens om in 'n gedig met só 'n titel te lees? (1)

9.2.2 Wat doen hierdie huiskat in reël 1? (1)

9.2.3 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat beskryf hoe die kat in die son lê en bak. (1)

9.2.4 Hoe word die kat se hare (pels) in strofe 1 beskryf? (1)

9.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.5) neer.

Die woord "luiperdlies" is 'n voorbeeld van ...

A 'n vergelyking.
B 'n metafoor.
C personifikasie.
D eufemisme. (1)

9.2.6 Hoe word die kat se oë in strofe 2 beskryf? Verwys in jou antwoord na enige TWEE van die volgende:

- Vorm
- Kleur
- Gevoel (2)

9.2.7 Waarom kry hierdie kat nie 'n naam nie? (1)

9.2.8 Watter woord in reël 7 word in plaas van "gesig" gebruik? (1)

9.2.9 Watter werkwoord in strofe 3 stel die beweging van 'n "reptiel" voor? (1)

9.2.10 Waarom is dit ironies as die spreker sê dat die kat "reggemaak" is? (1)

9.2.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die funksie van die aandagstrepe in reël 10 is (om die ekstra inligting te beklemtoon/om aandag op reël 9 te vestig). (1)

9.2.12 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit reël 12 aan. Onderstreep die assonerende klanke. (1)

9.2.13 Hoekom wou die spreker nader aan die kat kom? (1)

9.2.14 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat die kat doen om te wys dat sy NIE van die spreker se optrede in VRAAG 9.2.13 hou NIE? (1)

9.2.15 Wat kan die leser uit hierdie gedig leer? (1)

9.2.16 Waarom word die huiskat met die kenmerke van wilde diere beskryf? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou